

WEEK TWAALF VAN 2021



UIT DIE PEN

Hulle weet nie dat hulle nie weet nie.

Die instansie waar ek werk het ooreenkomste met instansie B. En instansie B is bekender as ons. Dan is daar nog 'n soortgelyke instansie C, maar almal weet dat hulle totaal onafhanklik is.

So bel 'n persoon wat baie ondervinding het met instansie B: weet ek dat ons instansie nie die regte riglyne volg nie? Want ons doen glad nie dieselfde as instansie B nie. Ja, meneer, jy is reg. Ons doen nie dieselfde as instansie B nie want ons is nie instansie B nie en ons is onafhanklik en hoef nie dieselfde as instansie B te doen nie.

Maar weet ek dat dat ons veronderstel is om dieselfde as instansie B te doen? Nee, meneer, ons is nie veronderstel om dieselfde as instansie B te doen nie, want ons is onafhanklik en daarom hoef ons nie dieselfde as instansie B te doen nie.

Die meneer lewer weer sy relaas te lewer vertel weer vir my hoe ons eintlik veronderstel is om te werk. Nee, meneer, ons

werk nie soos instansie B nie want bla bla bla. Dieselfde storie oor en oor en oor.

Wat?, vra hy, jy laat my 20 minute van my lugtyd gebruik en jy glo my nog steeds nie? Nee, meneer, ek probeer jou net verduidelik dat ons nie werk soos wat jy dink ons moet werk nie.

Belaglik, sê hy. Jammer, sê ek, dat ek dieselfde ding oor en oor moet sê. Die man groet. En ek ook. 'n Week later kry ek 'n e-pos wat na ons instansie se algemene e-posadres gestuur is en ons waghondinstansie is ook sommer daarby ingesluit. Reggeraai: dieselfde meneer, met dieselfde probleem.

Weet ons instansie dat ons nie dieselfde as instansie B werk nie? Want instansie B doen dit nie soos ons nie en ons moet dadelik ons werkswyse verander sodat ons kan konformeer om soos instansie B te wees.

Meneer, reageer ek op die e-pos en stuur dit ook sommer na die waghondorganisasie, soos wat ek al verlede week verduidelik het, werk ons nie dieselfde as instansie B nie, want ons is nie instansie B nie en ons werkswyse is nie dieselfde nie, want ons is 'n onafhanklike instansie. Ek is regtig jammer as jy dit nie verlede week verstaan het nie, en dit is waarom ek dit weer aan jou verduidelik.

Wat verstaan jy nie van "onafhanklik" nie? Weet jy dat jy nie weet nie?

Dit klink soos die student: oom Blyt het seker verlede week se brief gelees. Hy het 'n hoop geld vir NSFAS beskikbaar gestel, want anders gaan die land weer op in vlamme as gevolg van 'n paar anargiste wat hulle studieloopbaan nie in 'n studierenbaan wou verander nie. Gee hy toe nou van die vaardigheidsektor se geld vir

die studente. Dis soos om jou kombars aan die bo-kant af te sny en aan die onderkant aan te las, want jou voete kry koud.

Want nou gee jy met die een hand vir iemand wat nie weet dat hy nie weet waar die geld vandaankom nie, om met die ander hand by ander individue te vat wat nie weet dat daar gevat word nie.

Die een groep wil gratis tersiêre opleiding hê en die ander groep moet opgelei word sodat hulle vaardighede gebruik kan word om hulself op te hef. Nou lees ek dat dit nie eintlik was wat die studente wou hê nie. Smaak my ook hulle weet nie dat hulle nie weet nie.

Waaroor gaan dit eintlik? Ek is nie 'n *rocket scientist* nie, maar ek dink dit gaan baie keer oor mense wat hulle eie wil wil hê en dit graag op ander wil afdwing ongeag.

Die meneer na wie ek eerste verwys het, het geen direkte belang by ons instansie nie. Hy werk op kontrakbasis vir iemand wat by ons geaffilieer is. Hy werk ook voltyds by instansie B. Omdat die twee instansies nie dieselfde funksioneer nie, moet hy vir elke voorberei: voltydse instansie B se werk, en ons instansie se werk. Wat twee verskillende metodes volg. Vir meneer is dit ongerieflik. Maar hy verkies om aan te hou kibbel, want hy weet nie dat hy nie weet nie: ons gaan nie verander omdat dit een swaeltjie se somer effens onaangenaam maak nie. Ons het duisende ander swaels vir wie dit pas.

Dieselfde met die studente: kom maats, kom ons staak sodat ons nie vir ons studies hoef te betaal nie. En as dit nie werk nie, word ons

anargiste want dan kan ons langer student bly en eendag, hopenlik, na verwys word as baanbrekers. (Dalk nie heeltemal baanbrekers nie, maar brekers van ander goed ook soos vensters, deure, standbeelde en dies meer). Want dit is makliker om te eis as om te lewer. Hulle weet net nie dat hulle nie weet nie.

Hulle weet ook nie dat hulle eendag aan die ontvangkant van sulke eise sal staan nie: eendag is eendag, dan gaan een van hulle werknemers ook ewe skielik onregverdig (want dit is!) eise aan hulle stel. En wat dan? Gaan hulle toelaat dat alles afgebreek word as gevolg van iemand wat nie weet dat hy nie weet nie?

Of gaan jy eis dat 'n instansie moet verander omdat hulle nie in jou raamwerk pas nie? Net omdat jy kan of omdat jy nog nie weet dat jy nie weet nie?

Want dink gou mooi hieraan: as almal moet konformeer sodat daar aan een groep of een mens se eise toegegee gaan word, hoe lank voordat daar 'n Babelse verwarring gaan wees oor wie nou eintlik die kitaar slaan? Of oor wie verdien om die kitaar te slaan?

Almal kan nie altyd reg wees nie. Lewers moet jy maar in jou minuskule klein spoortjie begin trap en maak soos wat aan jou voorgeskryf word deur jou hoof, jou werkgewer of jou bestuurder. Eendag, wanneer jy in dieselfde posisie is, mag jy dalk kan eise stel.

Maar tot dan weet hulle nog nie dat hulle nie weet nie.

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET?

Heilbron se bevestigde gevalle staan op 794 soos aangedui in die nuutste getalle ontvang op 23 Maart 2021 vanaf die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste. Heilbron Herald het die 12de Maart berig dat Heilbron op 'n totaal van 784 bevestigde gevalle gestaan het teen 9 Maart. In twee weke se tyd is daar 10 gevalle bygevoeg en is die koronavirusbevelsraad glo deur kenners aangesê om vlak 2-inperkings oor die Paastyd in te stel in vrees vir die derde golf. 'n

Totaal van 207 000 gesondheidswerkers is teen Woensdag vir die virus ingeënt. Die Fezile Dabi distrik staan op 'n totaal van 10 984 bevestigde gevalle sedert Covid-19 die land getref het.

Dit is vandag dag 365 van die inperkingsperiode en teen druktyd was die jongste getal koronavirusinfeksies op 1 540 009 en die dodetal op 52 372. Altesaam 1 466 595 mense het reeds herstel. Daar is tans 21 042 bevestigde aktiewe Covid-19-gevalle in die land.

FEZILE DABI COVID-10 CASES UP TO 23 March 2021			
METSIMAHOLO	Sasolburg	3327	3805
	Deneysville	376	
	Oranjeville	102	
MOQHAKA	Kroonstad	3156	3634
	Viljoenskroon	401	
	Steynsrus	77	
NGWATHE	Parys	990	2531
	Heilbron	794	
	Koppies	538	
	Edenville	72	
	Vrededorp	137	
MAFUBE	Frankfort	627	1014
	Villiers	193	
	Cornelia	43	
	Tweeling	151	
		10 984	